SKOOLGELD - 2019

1E KIND	PER GESIN
R 10 450	R 18 480

1. BESONDERHEDE VAN BETALING	1 KIND	PER GESIN *(2 Kinders +)*
• Eenmalige kontantbetaling (**voor 28 Februarie 2019**). ***Korting van 10%*** *is reeds in berekening gebring.*	R 9 405,00	R 16 632
• Eenmalige kontantbetaling (**voor 31 Maart 2019**). ***Korting van 5%*** *is reeds in berekening gebring.*	R 9 927,50	R 17 556
• Maandelikse betaling oor 11 maande	R 950,00	R 1 680

2. UITGAWES IN- EN UITGESLUIT

ADDISIONELE UITGAWES WAT BY ONDERRIGGELDE INGESLUIT IS

- Begrote uitstappies: Bv: busvervoer vir alle opvoedkundige-, kultuur- en sportuitstappies
- Eerste stel skrifte word aan leerders verskaf.
- Een stel handboeke word per jaar voorsien.

ADDISIONELE UITGAWES WAT DEUR OUERS GEDRA MOET WORD:

- Alle onbegrote uitstappies: Bv: toere en/of kampe, asook kurrikulêre – of ekstrakurrikulêre uitstappies wat nie deel van die skool se program is nie.
- Verlore skrifte moet self aangekoop word.
- Verlore handboeke - vervangingswaarde van R220 moet betaal word.
- Werkboeke in sekere vakke wat die leerder se eiendom word.
- Sakrekenaars, tekeninstrumente, geheuestokkie(s) vir RTT, ens.
- Dagboek @ R35 elk

BANKBESONDERHEDE	
Bank:	**ABSA Hercules**
Naam:	**H T S Pretoria-Tuine**
Rekeningno:	**080390203**
Takkode:	**334245**
Verwysingsno:	**Soos aangedui op skoolrekening óf Naam, Van & Graad van Leerder**
Bevestig inbetaling per **E-pos**	**htstuinefin@absamail.co.za**

3. ALGEMENE INLIGTING

3.1 Onderriggelde:
- is oor 11 maande betaalbaar.
- is maandeliks vooruitbetaalbaar.
- moet voor die 7e van elke maand inbetaal wees.

3.2 Indien betalings nie voor die 7e van elke maand inbetaal is nie, behou die skool die reg voor om rente @ 25 % per jaar op alle agterstallige rekeninge te hef.

3.3 Oorhandiging aan Beheerliggaam Prokureurs sal na die 7e van elke maand geskied, waarna kostes op prokureur en kliënteskaal asook invorderingskommissie van 25% gehef sal word.

Indien dit ‘n tendens blyk te wees dat ouers nie op ‘n gereelde basis onderriggelde betaal nie, of agterstallig blyk te wees, sal geen vergunning toegelaat word na die 7e dag van die maand nie. Die invorderingsproses sal onmiddellik ‘n aanvang neem.

3.4 Betalingsopsies: *Kaartfasiliteit* of *internet- of bank inbetalings:* Die nodige inligting en vorms is by die skool se finansiële - / administratiewe kantoor beskikbaar. Die rekening- en bankbesonderhede verskyn ook op elke onderriggelde-rekening.

3.5 Betalings moet van 'n duidelike uiteensetting vergesel word.

Bv:
- Onderriggelde: Leerder se besonderhede asook verwysingsnommer op rekeningstaat.
- Ander: Leerder se besonderhede asook doel van inbetaling (bv: projekgelde, uitstappie, tekenstel, ens).

NB: Dit bly u verantwoordelikheid om te sorg dat die verwysings korrek is.

3.5 'n Kwitansie word vir alle inbetalings uitgereik. Dit is die leerder (ouer/voog) se verantwoordelikheid om elke kwitansie veilig te bewaar.

3.6 Kantoorure (**LW**): **Ouers:** 07:00 – 15:00 (Ma - Do) & 07:00 – 13:00 (Vrydae)

Leerders: Voor of na skool en pouse (Ma- Do)
Voor skool en pouse (Vrydae)

Geen leerder mag gedurende lesperiodes inbetalings doen nie!